higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLIGTINGVERWERKING N5

(6020275)

18 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

EKSAMENVRAESTEL	TYD	PUNTE
AFDELING A: TIKTEGNIEK	**2 uur**	**200**
AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE	**1 uur**	**100**
TOTAAL	**3 uur**	**300**

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

KANDIDATE WORD 30 MINUTE GEGUN OM DIE INSTRUKSIES DEUR TE LEES

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy die vraestel beantwoord – toesighouers sal verduidelik indien nodig.

AFDELING A: TIKTEGNIEK

1. Kandidate wat laat opdaag en/of nie betyds vir die tydnoukeurigheidstoets (VRAAG 1) is nie, sal slegs toegelaat word om die eksamenlokaal binne te gaan nadat die TIEN minute vir die toets verstryk het.

2. Kandidate word DRIE minute gegun om die tydnoukeurigheidstoets voor die aanvang van die eksamen deur te lees.

3. Die tydnoukeurigheidstoets moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word. Geen kappies, deeltekens, ens. hoef gebruik te word nie, maar dit is wel noodsaaklik in die ander vrae.

4. Nadat die toegelate TIEN minute verstryk het, sal jou toets ingeneem en deur die toesighouer onderteken word. Die toets sal tot aan die einde van die eksamensessie deur die toesighouer gehou word, waarna dit, in jou teenwoordigheid, in jou EKSAMENOMSLAG geplaas sal word.

5. Beantwoord al die vrae.

6. Prosedure vir VRAAG 2, 3, 4, 5 en 6: Sleutel in, stoor, druk en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

7. Herwin die briefhoof wat as VRAAG 3 op jou disket/hardeskyf gestoor is.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE

Jy sal die volgende ontvang:

1. Inligting oor die vrae
2. Aantekeninge oor die vrae
3. Oudiokasset of oudiosagteware

OPMERKINGS

1. Indien jy 'n oudiokasset gebruik, wen die kasset terug voordat jy met die transkripsie begin.
2. Voltooi die inligting wat vir NOTAS OOR DIE EKSAMENVRAE vereis word.

DRUKWERK: EKSAMENVRAESTEL (AFDELING A EN AFDELING B)

1. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike A4-bladsy gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

ALGEMEEN: EKSAMENVRAESTEL (AFDELING A EN AFDELING B)

1. Jy mag die ASCII-kodes en die patroonplaat gebruik.
2. Geen aantekeninge of enige nietoelaatbare materiaal mag hierin verskuil of in hierdie artikels geskryf wees nie.
3. Gebruik slegs Courier New 12 pt behalwe waar dit in die vraestel anders aangedui is.
4. Werk vinnig ten einde die vraestel betyds te voltooi.
5. Stoor jou werk met gereelde tussenposes om die verlies aan ingesleutelde data tydens 'n kragonderbreking te voorkom. Slegs die duur van die kragonderbreking sal bykomend toegelaat word – geen bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk in te haal nie.
6. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerdefek, sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir jou om met die eksamen voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.
7. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER by elke vraag in soos aangedui in die instruksies. Geen antwoorde sonder EKSAMEN-NOMMERS sal nagesien word nie.

Kopiereg voorbehou

8. Aan die einde van die eksamensessie moet die volgende ingelewer word:

   8.1 EKSAMENOMSLAG met DRUKSTUKKE wat nagesien moet word in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel.

   8.2 Die kompakskyf/geheuestokkie waarop jou werk gestoor is, wat behoorlik met jou EKSAMENNOMMER gemerk is. Indien werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer(s) die werk na 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer en dan die werk onmiddellik van die hardeskyf/netwerk skrap. Kandidate se antwoorde moet vir ten minste SES maande bewaar word.

   8.3 Die teruggewende kasset.

   8.4 Alle ander DRUKSTUKKE. Geen DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal verwyder word of in die snippermandjies geplaas word nie.

9. Enige poging om inligting te verkry of om inligting aan 'n ander kandidaat te verskaf, is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n baie ernstige lig beskou word. Indien jy aan so 'n oortreding skuldig bevind word, sal stappe teen jou geneem word.

WAG VIR DIE TOESIGHOUER SE OPDRAG VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

TIKTEGNIEK

		TYD	PUNTE
VRAAG 1:	**TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS**	**10 minute**	**20**
VRAAG 2:	**TABEL**	**25 minute**	**40**
VRAAG 3:	**OMSENDBRIEF**	**30 minute**	**50**
VRAAG 4:	**KOLOMME**	**25 minute**	**40**
VRAAG 5:	**NOTULE**	**18 minute**	**30**
VRAAG 6:	**AFRIKATAAL**	**12 minute**	**20**
TOTAAL		**120 minute**	**200**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

TYD: 10 minute **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: 1,5 of 2 SPOED: 45 w.p.m. (minimum vereiste)	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links FONT: Courier New 12 pt
1. Die volgende tydnoukeurigheidstoets moet slegs een keer ingesleutel word. 2. Die teks maak voorsiening vir spoed van 45 en 50 woorde per minuut. 3. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in. 4. Stoor die dokument as V1 en maak 'n DRUKSTUK. 5. Na voltooiing sal die tydnoukeurigheidstoets deur die toesighouer ingeneem en onderteken word. Alle bladsy moet onderteken word.	

Liefde is komplekse emosies, gedrag en oortuigings wat met sterk gevoelens van toegeneentheid, beskerming, warmte en respek vir 'n ander persoon verband hou. Byvoorbeeld, 'n persoon mag sê dat hy of sy lief is vir sy of haar hond, lief is vir vryheid, of lief is vir goeie woonbuurte. Wanneer iemand ons liefhet, voel ons dit in ons wese aan. Maar hoe werk dit? Is daar ekstrasensoriese waarneming in die hart wat in staat is om die gevoelens in 'n ander persoon se hart waar te neem?

Dit is in werklikheid nie eteriese of bonatuurlik nie. Inteendeel, dit is baie prakties en gewoon.

Ons hart kry leiding van ons sintuie. Alles wat ons sien, hoor, proe, aanraak of ruik leer ons oor ons heelal. Ons hoef nie na te dink of vrae te vra nie. Ons sintuie rapporteer aan ons brein, en ons brein interpreteer die data en stuur die verslag aan ons hart.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

So, as ons sien dat iemand liefderik vir ons glimlag, of as ons 'n liefderike aanraking voel, verwerk die brein die inligting en besluit: "Haai, iemand betoon op die oomblik liefde aan ons!"

Kortliks, wanneer iemand ons liefhet, is daar tasbare bewyse. Dit is nie 'n abstrakte gedagte of gevoel nie, dit is konkreet en daar is bewyse. Soos Koning Salomo in Spreuke (27:19) geskryf het: "Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk, so is die hart van die mens teenoor die mens." Dit beteken dat as jy liefderik hanteer word, jou hart daardie liefde aanvoel.

Die beste antwoord vir ware liefde waarmee ek vorendag kan kom, is die een liefde, die een hart, die een begrip van die een vonk in ons almal. Om mekaar te hanteer asof hulle jy is, en waarom nie? Ons is almal afbeeldings van mekaar. Geen uitsonderings nie. Maar die bewustheid van die waarheid kom terug in die lig. Onthou, dit is baie groter as 'n enkele mense se oortuigings. Wat maak in werklikheid goeie sin? Die ou wette van die mens is besig om te verswak, en dit is tyd om as gemeenskap saam te staan. Dit is net 'n besluit wat ons kan neem om bo die materiële en selfsugtigheid van ons ervarings uit te styg. Dit is beslis 'n nuwe era!

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Liefde is 'n behoefte. Dit is die enjin wat alles aan die gang hou. Daarsonder sal mense nie lank hou nie. Daar sal niks wees om voor te lewe nie. Geen rede om te oorleef nie. Ek wens dat dit onvoorwaardelik was, maar dit is nie. Dit is romanties, ja, maar romanse is misleidend. Dit is deel van die spel van die lewe. Dit is die rede waarom kinders gebore word. Op die tasbaarste vlak

45 w.p.m.

50 w.p.m.

[20]

VRAAG 2: TABEL

TYD: 25 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 1,27 cm/0,5" Regs: 1,27 cm/0,5" FONT:Courier New 12 pt	PAPIER: A4-landskap WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links en soos aangedui REËLAFSTAND: Enkel behalwe waar anders aangedui

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in.
2. Neem alle proefleestekens in ag.
3. Voeg 'n tabel in.
4. Stoor die dokument as V2 en maak 'n DRUKSTUK.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat: 1. Sentreer alle kolomopskrifte horisontaal en vertikaal.
2. Kolomopskrifte moet in hoofletters wees.
3. Beskadu ry 1.
3. Belyn alle syfers regs

→Skuif

loop aan

Plekke	Moordslagoffers in SA [volgens ouderdom en geslag [(2017/18) NR		voluit NR
Durban	Mans	16421	2013
Van derbijlpark	Vrouens	3000	2014
Soweto	Seuns	1500	2015
Limpopo	Meisies	294	2016
Qwaqwa	Babas	691	2017
Welkom	Ouer mense	378	2018
Katlehong	Transgender	700	2019

Verslag oor moorde wat deur verhoudings veroorsaak word bk, vetdruk, o/streep, sentreer
#
Tabel 1: Stattisties op gendergelykheid gebaseer kursief sp
#
gesp hfls

VRAAG 2 (VERVOLG)

loop aan

Totale Λ by / Verskillende plekke Λ aantal NR			Nasionale persentasie moorde wat deur verhoudings veroorsaak is NR NR		
2017	2018	2019	2017	2018	2019
5300	1200	1410	5,87%	2,6%	42%
2400	1000	1689	3,5%	3,8%	75%
5350	2900	1260	1,2%	5,6%	43%
4450	2056	1590	6,5%	86%	56%
6150	809	1517	87,5%	8,9%	80%
1045	569	256	13,9%	6%	90%

Tussen 960 000 en 3 000 000 huishoudelike gevalle van geweld word elke jaar gerapporteer, terwyl ~~sommige~~ baie ander gevalle nie ~~gerapporteer~~ word nie. trs loop aan skrap stet ~~opgemerk~~ kurs

[40]

VRAAG 3: OMSENDBRIEF

TYD: 30 MINUTE **PUNTE: 50**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt behalwe waar anders aangedui	PAPIER: Briefhoof WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreëlafstand tussen paragrawe

1. Herwin die briefhoof wat as VRAAG 3 in die INFORMATION PROCESSING N5-lêergids gestoor is.
2. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn as 'n voetskrif in.
3. Neem alle proefleestekens in ag.
4. Stoor die dokument as V3 en maak 'n DRUKSTUK.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat:

1. Verander alle paragraafopskrifte wat onderstreep is na hoofletters en vetdruk.
2. Paragrawe moet in korrekte numeriese volgorde ingevoeg word.
3. Vervang kolpunte met subparagraafnommers (1.1, ens.) en TWEE letterspasies en keep in.
4. Voeg 'n bladsybreuk in na paragraaf 2.
5. Voeg slegs op bladsy 2 'n bladsynommer gesentreerd onder in.

Voeg vandag se datum in dalende volgorde in

Aan alle slagoffers sit korrek uiteen

Kandidaat: Skuif paragrawe na die einde van die dokument voor die slot

Die dialoog aangaande moorde in verhoudings fokus dikwels op / geskiedenis van huishoudelike geweld in / verhouding, eerder as op / ~~wyse~~ redes waarom die oortreder hul maat vermoor het. skrap

On geag die belangrikheid van huishoudelike geweld, waarom moor mense soms dié wat hulle liefhet? Bahnscript 16 pt, sentreer

Kandidaat: Voeg 'n rand in soos aangedui, bk, vetdruk, kursief en sentreer

Verhouding tussen oortreder en slagoffer volgens motief in moordsake

2. Jaloesie

- Jaloesiemoorde behels dat die oortreder dink dat hulle die gevaar staan om hul maat aan iemand anders te verloor. Óf / oortreder se geliefde of hul teenstander mag / teiken in hierdie moorde wees.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3 (VERVOLG)

➢ Jaloesie was die oorsaak van die grootse aantal moorde van 'n intieme maat wat in die studie ondersoek is (40%). Hierdie jaloesiegevalle het almal mans ingesluit wat hul vrouens vermoor het. vetdruk

loop aan

In hofdokumente vir hierdie gevalle, was jaloerse woede of morbiede jaloesie dikwels die oorsaak vir hierdie moorde.

1. Wins

➢ Die tweede algemeenste motief vir intieme maatmoorde wat bestudeer is, was wins (23%). vetdruk

➢ In hierdie gevalle was die hoofoorsaak vir / moord om een of ander persoonlike en Λ voordeel te kry. Hierdie slagoffers is vermoor omdat hulle Λ tasbare iets gehad het wat die oortreder wou hê, soos geld of eiendom.

➢ In teenstelling met die jaloesiemoorde, is winsmoorde dikwels deur vroue gepleeg. Dié wat vroue betrek het (5 uit 7 gevalle) was vir finansiële wins – omdat die vrou versekeringsgeld en bates wou hê, of omdat hulle gedink het dat hulle na 'n egskeiding uit gelaat die testament sou word. in woorde trs

3. Liefde

➢ In die laaste plek word moorde wat deur liefde gemotiveer is gepleeg sodat die oortreder 'n persoon wat hulle liefhet uit 'n situasie kan red wat hulle glo "erger as die dood" is. Dit kan op twee maniere ~~manifesteer~~. stet

~~gebeur~~

➢ Altruïstiese moorde mag inhou dat die oortreder die situasie as só erg ervaar dat hulle eerder die slagoffer dood sou wou hê as wat hy of sy oorleef om dit te ervaar. Alternatiewellik, kan moorde wat plaasvind deur 'n geliefde te help om selfmoord te pleeg, ook deur liefde gemotiveer word. sp o/streep

Voeg 'n lyntabelstop op 7,62 cm/3" in

Direkteur

Sit korrek uiteen

[50]

VRAAG 4: KOLOMME

TYD: 25 minute **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 1,27 cm/0,5" Regs: 1,27 cm/0,5" FONT: Courier New 12 pt behalwe waar anders aangedui	PAPIER: A4-landskap WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreël-afstand tussen paragrawe
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in. 2. Neem alle proefleestekens in ag. 3. Stoor die dokument as V4 en maak 'n DRUKSTUK. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Positiewe en negatiewe invloed van liefde Sitka Heading 20 pt, bk, vetdruk, sentreer

Kandidaat:

1. Skep TWEE kolomme – afstand tussen kolomme moet 1,27 cm/0,5" wees en voeg 'n vertikale lyn tussen kolomme.
2. Laat paragraafnommers weg.
3. Alle onderstreepte paragraafopskrifte moet in hoofletters en vetdruk wees.
4. Voeg 'n bladsybreuk in na paragraaf 6.
5. Voeg slegs op bladsy 2 'n bladsynommer onder regsbelyn in.

Kandidaat, skuif die onderstaande paragrawe na bladsy 2 en voeg enige kolpunte in

Liefde hou die wêreld beslis aan die gang; liefde vir mekaar, / liefde wat ons vir ons familie en vriende het – maar wanneer dit by die omskrywing van hierdie liefde kom, is dit moeilik om dit in eenvoudige terme te omskryf. [Maar dit is 'n kragtige motiveerder – een wat ons fisies en emosioneel kan beïnvloed. Dit beklemtoon al / verhoudings wat ons in die loop van ons natuurlike lewens vorm, maar dit kom met sy eie baggasie. ~~Dit is waarom ons van naderby na sommige van die positiewe en negatiewe gevolge van liefde moet kyk.~~ NP kurs sp skrap

1. Gesondheid: [Verskeie studies het getoon dat om iemand lief te hê tot goeie gesondheid kan bydra. NP loop aan

Elke keer as jy jou liefde vir 'n persoon uitspreek, stel jou brein serotonien o/streep vry - 'n hormoon wat jou laat goed voel. So ja, met meer liefde in die omtrek, sal jou gesondheid waarskynlik met verloop van tyd verbeter.

VRAAG 4 (VERVOLG)

2. Persoonlike bande: [Liefde kan help om noue bande met ander te vorm; NP
as 'n spesie, is ons redelik sosiaal & vorm dikwels verskeie voluit
verhoudings in / loop van 'n enkele lewe. ~~En dit is waarom liefde of~~ skrap
~~gevoelens van diep wedersydse toegeneentheid wat ons met ander deel, kan help om daardie verhouding te bevestig en te help om dit permanent te maak.~~

3. Verhoudings: [Liefde kan help om verhoudings te bevestig en dit is een NP
van / redes waarom die meeste ∧ paartjies aangeraai word om ∧ getroude
hul beloftes teenoor mekaar na 'n sekere tyd te herbevestig om hul liefde
vir mekaar te toon.

4. Depressie: [Liefde is 'n kragtige gevoel – een wat kan veroorsaak dat NP
ons voel asof ons op lug sweef. In die geval van liefde wat nie wederkerig is
nie, kan dit die persoon in diep depressie laat verval. Verrassend genoeg is
liefde een van / hoofoorsake.

5. Spanning: [Liefde kan ook spanning veroorsaak; veral in / begin van NP
~~paartjies~~
'n verhouding. Wanneer die meeste ~~mense~~ 'n nuwe verhouding begin, is stet
daar dikwels spanning omdat hulle probeer om by / ander persoon aan te pas.

6. Selfmoorde: [Verskeie vrouens (3) en jong mans (1) (2) pleeg selfmoord NP trs
oor liefde; / redes kan wissel van liefde wat nie wederkerig is nie tot maats
wat hulle verneuk. ~~Dit veroorsaak dikwels dat ander hopeloosheid ervaar, 'n gevoel van skok en wanhoop asof die lewe nie meer enige betekenis inhou nie. Dit is waarom die aantal liefde-selfmoorde elke jaar sonder einde meer en meer word.~~ skrap

Kandidaat: Voeg paragraaf 1–3 in kolom 1 en paragraaf 4–6 in kolom 2.

[40]

VRAAG 5: NOTULE

TYD: 18 minute **PUNTE: 30**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreëlafstand tussen paragrawe
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in. 2. Neem alle proefleestekens in ag. 3. Stoor die dokument as V5 en maak 'n DRUKSTUK. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Kandidaat:
1. Alle genommerde opskrifte moet in hoofletters wees met dubbelonderstreping.
2. Keep paragrawe onder die opskrifte in.

Hiermee word kennis gegee dat / algemene jaarvergadering van / bk
maatskappy gehou sal word by potlakostraat 3839B, Pimville, op Maandag bk
07/06/21 om 12:00. voluit

loop aan

Lees asseblief / ∧ dokumentasie ter voorbereiding vir die sake ∧ ingeslote wat bespreek sal word.

1. Opening

[/ voor sitter het almal verwelkom en / vergadering as behoorlik NP
verklaar saamgestel]. trs

2. Teenwoordig

Volgens teenwoordigheidsregister.

3. Notule van die vorige vergadering

Die notule van die vergadering wat op 3 April 2021 gehou is, is gesirkuleer, is as gelese beskou, en is goedgekeur en onderteken.

4. Voorsitter se jaarverslag en finansiële state

Die bogenoemde verslag is aan die vergadering voorgelê en, op voorstel van Me K Monisi, is dit saam met die ~~auditeur~~ finansiële state eenparig aanvaar. skrap

VRAAG 5 (VERVOLG)

Skuif

6. Algemeen

baie
Mnr. Shibambo het gerapporteer dat / welsynsorganisasie 'n ~~groot~~ aantal stet
vrouens en mans wat deur hul egenote mishandel is, bygekry het, en dat sp
die meeste van hulle ernstig beseer is.

7. Afsluiting

Die vergadering het om 17:00 verdaag.

Op las van die direksie

sit korrek uiteen

Mnr. Canney	Voorsitter	vetdruk, kurs
Me Mathuthu	Sekretaris	vetdruk, kurs

Voeg vandag se datum voluit in

5. Aanstelling van ouditeurs

Daar is eenparig besluit dat Me N Rakomane as ouditeur vir / volgende finansiële jaar aangestel word.

[30]

VRAAG 6: AFRIKATAAL

TYD: 12 minute **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links REËLAFSTAND: Dubbel (2)
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in. 2. Sleutel in soos aangedui. 3. Moet nie die woorde aan die einde van 'n reël afbreek nie, maar sleutel die hele woord in op die volgende lyn. 4. Stoor die dokument as V6 en druk dit. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Lerato ke ntho e monate e etsahalang pakeng tsa batho ba babedi. Lerato ha le na theko empa fela le itlhokela tsena tse latelang; thlompho, nako, mofuthu le tshehetso.

Lerato le mosa ha lena bokgopo, tseba hore haebe wena o kene leratong le utlwisang bohloko le sisisang pelo le tletseng dikomang le dithetso, ha se lona lerato la mannete.

Motho a maratong o mobona ka ho bososela bosiu le motsheare hore ka nnete-nete motho wa rona ho tletse lerato pelong ya hae, ebile ha ana le dipelaelo tse ka mositisang ho rata moratuwa wa hae.

[20]

TOTAAL AFDELING A: 200

AFDELING B

OUDIOTRANSKRIPSIE

		TYD	PUNTE
VRAAG 7:	**AGENDA**	**15 minute**	**25**
VRAAG 8:	**MEMORANDUM**	**18 minute**	**30**
VRAAG 9:	**VERSLAG**	**27 minute**	**45**
TOTAAL		**60 minute**	**100**

OUDIOTRANSKRIPSIEVRAESTEL

INLIGTING AANGAANDE DIE EKSAMENVRAE

Jy is 'n persoonlike assistent. Jou bestuurder oorhandig aan jou 'n kasset met opgeneemde take wat jy binne 'n uur moet voltooi terwyl hy/sy weg is.

1. Jou eerste taak **(VRAAG 7)** is om die **AGENDA** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   dringende; Raadslede

2. Jou tweede taak **(VRAAG 8)** is om die **MEMORANDUM** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   Bekezela; geëer; ondersteuningstelsel; vrouemoord

3. Jou derde taak **(VRAAG 9)** is om die **VERSLAG** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   verregaande; ewigdurende; mannehaters; uithouvermoë; inherente; uitdagings; bewerkstellig

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7: AGENDA

TYD: 15 MINUTE **PUNTE: 25**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links FONT: Courier New 12 pt behalwe waar anders aangedui
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in. 2. Die beginpunt op die bandteller/indeks is ... 3. Die leestyd is ±12½ minute. 4. Stoor die dokument as V7 en druk dit. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

[25]

VRAAG 8: MEMORANDUM

TYD: 18 MINUTE **PUNTE: 30**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Soos aangedui FONT: Courier New 12 pt behalwe waar anders aangedui
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in. 2. Die beginpunt op die bandteller/indeks is ... 3. Die leestyd is ±15 minute. 4. Stoor die dokument as V8 en druk dit. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: VERSLAG

TYD: 27 MINUTE **PUNTE: 45**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in.
2. Die beginpunt op die bandteller/indeks is ...
3. Die leestyd is ±22½ minute.
4. Stoor die dokument as V9 en druk dit.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG

[45]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou